Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Wat volg is ’n verkorte aanhaling uit ’n boek van ’n dominee wat vertel oor een van sy eerste besoeke. Ek het dit onlangs gelees en dit was vir my baie mooi.

"Ek bel om ’n afspraak vir ’n kennismakingbesoek. Die gemeentehandboekie vermeld slegs adres, telefoonnommer en geboortedatum. Toe hy sê ek is voor halftien welkom, kyk ek nog ’n keer goed na die laaste. Ek vra: "Wat van ’n ander dag?", maar elke dag na halftien is hy nie meer by die huis nie. Ons maak ’n afspraak vir halfnege.

Na die eerste koppie koffie kan ek my nuuskierigheid nie langer bedwing nie: "Werk u na halftien of kuier u elke dag by u kinders?"
"Nee, ek het ’n jaarkaart vir die bus en sedert my vrou se afsterwe ’n paar jaar gelede, ry ek elke dag met die bus". "Waarheen gaan u dan?", was my volgende vraag. "Eintlik gaan ek nêrens nie, ek sit net heeldag in die bus. Soms klim ek af en drink ’n koppie koffie by ’n restaurant en ry dan weer verder". Hy raai my gedagtes as hy vra: "U dink seker ek is mal? Ek is nie mal nie, maar ek gaan dit word as ek heeldag hier alleen in die huis sit. Aan die stilte raak jy nooit gewoond nie." En hy begin vertel oor sy vrou en sien my nie meer raak nie.

’n Rukkie voor halftien het ek geloop. By die deur sê hy: "Dankie vir die goeie gesprek." Gesprek?, dink ek by myself, ek het amper niks gesê nie."

Miskien is dit wel die geheim van ’n **goeie** gesprek: die een praat en die ander luister.

Hoe dikwels is dit in ons lewe nie so nie dat ons êrens na op pad is: ek moet nog dit doen en daardie kan ook nie wag nie. Ondertussen sien ons nie raak waar ons om ons heen kan help nie. Net luister na iemand wat dit nodig het en nie altyd net aan onsself dink en oor ons eie dinge praat nie. Luister na wat ander mense sê en reageer daarop. Praat oor meer as net die alledaagse dinge. Praat oor die lewe as Christen, as die kans hom voordoen. Moenie wegskram nie. Moenie dink ek moet nog soveel doen, ek het nie nou tyd nie.

"’n Paar dae na die gesprek met die ou man, fiets ek deur die stad en daar sit hy stil en aaklig alleen in ’n bushokkie. Ek het nie tyd om te praat nie, ek is op pad om êrens heen te gaan en hy, hy is op pad na nêrens."

Net soos hierdie man in die bushokkie se pad fisies nêrens heen gaan nie, so gaan baie mense rondom ons se lewenspad feitlik nêrens heen. Dink ’n bietjie daaraan.

Geniet die uitgawe
Namens die Kaapse redaksie,
Sjirk

Jaargang 8 nr 4, Mei 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
God se teken van genade	2
Op Pad	**3**
Gemeenskap oor Kultuurgrense Heen	3
Gelei deur die Heilige Gees	5
Die onbetrokkenheid van die jeug	5
Voel Jy Ook So?	**6**
14 April 2004	6
Reg, Voorreg, Plig	8
Kuns en Geloof – Paul Cézanne: Die brug na die Groot Kunsrewolusie	9
Deur Die Sleutelgat	**10**
Voetspore	**11**
Gedig, Verjaarsdae, Advertensies	**12**

UIT DIE WOORD

GOD SE TEKEN VAN GENADE

Adriaan Haak

Wat is die doop en wat beteken dit vir ons vandag? As jy wel gedoop is, maar nie besef wat jy daardeur gekry het nie, sal jy ook nie meer oor die doop bly wees nie.

Ingestel deur Christus

In Matteus 28:19 gaan dit oor die doop wat Christus self ingestel het. Hy het die apostels die opdrag en krag gegee om mense in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop. Daarmee het Hy die volgende vasgelê: ten eerste is die doop 'n teken van jou binnekoms in, en deelwording van, die gemeente van Christus. In die tweede plek is jy dan ook deel van die drie-eenheid van God, want jy is gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Ons het dus eiendom van God geword by ons doop. Ons staan letterlik op sy Naam.

Die skoonwas van al jou sondes (Rom. 6:3-4)

By die doop gaan dit glad nie oor die hoeveelheid water wat gebruik word nie, maar net oor die vuiligheid wat afgewas word. Dit is hoe die doop dit voorstel, maar God self gee die doop as teken dat Hy ons wil reinig van al ons sondes en alles wat sleg is, sodat ons 'n nuwe lewe tot eer van Hom sal begin. Soos die vuiligheid en onreinheid deur die water van die doop van ons liggaam weggeneem word, so word die vuiligheid en onreinheid deur die

Die Olielamp – internasionaal gelees!

Hierdie e-pos het by die webmeester van ons webwerf uitgekom. Dit is wonderlik om te sien die Olielamp word werklik op die webwerf gelees!

Hallo,
ek wou baie dankie sê voor die werk wat julle doen om 'Die Olielamp' uit te geef. Ek het julle se tuisblad toevallig gevind en was van die begin af begeester. Nog het ek natuurlik nie alle uitgawes gelees nie, maar ek is besig om dit nog te doen ;-). Dis vooral baie interessant om eens 'n Christelike jeugdblad in Afrikaans te lees, want ek leer dit pas sinds een jaar en in oostenryk is daar niet baie mogelikhede om afrikaans te lees nie. Nog 'n geseënde dag, Matthias.

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Tanya de Vente tanyadevente@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger – Anja Luijk
Artikelversorger – Carina van Alten
Teksversorging - Sandra Zielman
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

bloed en die Gees van Christus van ons sondes weggeneem. So mag ons dus sê, dat, soos ons deur die water van die doop gewas is, so is ons deur die bloed en die Gees van Christus gewas.

Die belofte en eis
Elke verbond het twee dele: 'n belofte en 'n eis. Die hele drie-eenheid gee vir ons elkeen 'n belofte: God die Vader sluit 'n ewige verbond van genade met ons, God die Seun verseker ons dat Hy ons reinig van ons sondes deur sy bloed, en God die Heilige Gees beloof om ons te heilig en 'n nuwe lewe te skenk. Dit is 'n baie bemoedigende belofte wat ons geloof versterk en ons afhanklikheid van God laat blyk.

Die eis hou in dat ons God moet liefhê en 'n godvresende lewe moet lei. Dit beteken dat ons ons ellende moet leer ken, ons verlossing bely en ons dankbaarheid aan onse hemelse Vader bewys. Ons moet ons dan ook as sy kinders gedra, sodat mense kan sien dat ons gedoop is.

Die blywende krag van die doop
Die doopsformulier laat dit pragtig uitstaan dat die doop 'n teken en 'n seël is van God se verbondsbelofte. Daar kan ook hierby gevoeg word dat die doop altyd sy waarde behou en nooit sy krag verloor nie. Dit is 'n lewenslange belofte.

Die Roomse leer, wat reg hierteenoor staan, glo dat daar van die genade weer verlore gaan sodra jy sondig. Dan moet jy eers weer genade verdien deur dinge soos die bieg om genoeg genade te hê om in die hemel te mag kom. Die krag van die doop is egter blywend. Ons moet ook nie God se genade as iets selfstandig voorstel nie – dit is deel van God. Hierop vra Hy dan dat ons op Hom alleen moet glo en vertrou. Ons sal dus geleer moet word om ons doop as 'n genadegawe van God te sien. Ons moet leer om vertroulik met God om te gaan.

Die doop maak ons nederig
Die doop laat ons dus sien dat ons in onsself onrein is en in sonde ontvang en gebore is, daarom moet ons dus van ons sondes en onreinheid gewas word. Ons kan nie so voor God bestaan nie, ons verdien die verderf. Daarom het ons die afwassing van sondes deur die bloed van Jesus nodig. Die doop leer ons ook hoe erg ons sonde is en dat Christus aan die kruis vir ons moes sterf om ons te reinig van ons sondes en om ons uit die verderf te red. Dit moet ons nederig voor God maak en ons laat sleg voel oor ons sondes, sodat ons ons verootmoedig voor God en ons saligheid in Hom soek.

Die doop gee ons ook blydskap en troos
Die doop leer ons ook dat daar vir ons redding van die verderf en ook saligheid is, omdat Christus vir ons aan die kruis gesterf het en deur sy bloed betaal het vir ons sondes. Deur die doop laat die Here ons duidelik sien wat Hy ons beloof, naamlik dat Hy ons sondes afwas deur sy bloed en Gees van Christus.

Laat ons daarom bly en dankbaar wees dat ons gedoop is en gedurigdeur onsself en ander daaraan herinner wat 'n rykdom en genade God daarin vir ons geskenk het!

Bronne:
Wat is een Christen nodig te geloven? – Ds. F.F.Venema
Wat is hierop uw antwoord? – Ds. M.H. Sliggers

GEMEENSKAP OOR KULTUURGRENSE HEEN

Willemien Kleyn

Ons kerkverband het baie verander in die afgelope tien jaar. In 1995 het 'n Afrikanergemeente in Bethal by ons, van oorsprong Nederlandse emigrantekerkverband, aangesluit. Ses jaar later, in 2001,

het nog ’n Afrikanergemeente in Springs aangesluit. Die jaar daarna is die eerste swart gemeente geïnstitueer in Mamelodi, gevolg deur nog ’n gemeente in Soshanguve-Noord ’n paar maande later. As mens bowendien die kerkhandboekies van die bestaande ‘Nederlandse’ gemeentes deurgaan, ontdek mens ’n groeiende aantal Afrikaanse vanne en selfs een of twee swart vanne. Niemand kan meer beweer ons is ’n kerkverband wat slegs oopstaan vir eks-Nederlanders nie.

Hierdie ontwikkelinge beteken egter ook dat ons moet besin oor hoe ons binne hierdie kerkverband met mekaar omgaan. Ons het in die vorige Olielamp gelees dat dit Christus is wat eenheid en gemeenskap bewerkstellig. Deur sy bloed het Christus mense van alle stamme en tale verlos en verenig in die geloof (sien Efes. 2:13 en Openb. 5:9).

Net voor sy hemelvaart het Christus die apostels opgedra om dissipels te maak van alle nasies (Matt. 28:19). Na die uitstorting van die Heilige Gees het die apostels begin om daardie opdrag na te kom. Binne die eerste weke het mense van regoor die Romeinse Ryk aangesluit by die Christelike kerk. Mense wat vroeër verwerp is, soos leerlooiers (mense wat deur die Jode as onrein verklaar is as gevolg van hul kontak met dooie diere), is aanvaar binne die gemeenskap (sien Hand. 9:43). In die begin was die apostels egter huiwerig om met heidene, dit is met mense wat geen Joodse agtergrond gehad het nie, soos byvoorbeeld die Grieke en Scithe, om te gaan. Petrus moes eers drie maal die visioen van die kleed met onrein diere sien en opgedra word om saam met die afgesante van Cornelius te gaan, voor hy bereid was om gemeenskap met heidene uit te oefen (Hand. 10). Die res van die gelowiges het Petrus aangespreek daaroor en Petrus moes ‘please and explain’ (Hand. 11:1-18). Hierna is die heidene aanvaar, maar dit beteken nie dat die verhouding tussen Jood en heiden uitgeklaar is nie. Ons lees in Handelinge 15 dat die Jode kort daarna probeer het om die heidene te forseer om Jode te word deur hulle op te dra om die wette van Moses te onderhou. Gelukkig het die apostels besef dat dit nie nodig was nie, maar dat "ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook” (Hand. 15:11). Selfs na daardie besluit was die probleme nog nie opgelos nie. Paulus vertel in Galasiërs 2 dat hy Petrus, die man wat vroeër persoonlik deur God opgedra is om gemeenskap met heidene uit te oefen, moes vermaan omdat hy homself van daardie gemeenskap onttrek het.

So sien ons dat die werklike beoefening van gemeenskap oor kultuurgrense probleme opgelewer het by die vroeë Christelike kerk. Paulus vermaan die gemeentes herhaaldelik om daardie gemeenskap te beoefen – dink net aan die bekende gedeelte in 1 Korinthiërs 12, waar hy benadruk dat ons almal saam die liggaam van Christus is "want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne” (1 Kor. 12:13). Christus self het die opdrag gegee: "’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34).

Hoe staan dit met ons? Sukkel ons ook om gehalte te gee aan daardie liefde, spesifiek as dit kom by liefde bewys aan mense wat nie van ons eie kultuurgroep is nie? Is ons bereid om gemeenskap te beoefen met ons broeders en susters binne ons eie gemeente wat ’n ander agtergrond het as ons self? Is ons bereid om daardie gemeenskap te beoefen met mense van ander gemeentes wat so ’n totaal ander agtergrond het as ons? Ja, is ons werklik bereid om die eenheid wat Christus geskep het tot uiting te laat kom?

Hierdie is vrae wat elkeen vir homself moet uitklaar. Dit is moontlik om gesprekke aan te knoop met daardie mense van ander agtergronde binne ons eie gemeentes en in ander gemeentes. Daar is ook geleenthede vir ons as jeug om omgang met ons medejeug van ander gemeente te hê (sien elders in hierdie Olielamp vir ’n advertensie oor bybelstudies en aktiwiteite met die swart jeug). Dit is moontlik om gehalte te gee aan ons eenheid. Die vraag is, is ons – is **jy** – bereid om uit te reik?

GELEI DEUR DIE HEILIGE GEES

Thys van der Hout

Elke Sondag bely Christene met die mond en die hart: "Ek glo in die Heilige Gees." Dit beteken dat die Heilige Gees aan my gegee is en dat ek as 'n Christen kan lewe. Hy troos my, Hy is ewig by my en Hy lei my in die waarheid. Die Heilige Gees is dus elke dag van my lewe met my, in alles wat ek doen, beplan, sê en dink. Die rykdom en omvattendheid van hierdie feit word deur Paulus in 2 Korinthiërs 3 vergelyk met dit wat in die Ou Testament gebeur het toe die Heilige Gees nog nie uitgestort was nie. In die Ou Testament was die wet van die verlossing van die Jode gesluier agter 'n bedekking, 'n gordyn. Met die koms van Christus is die gordyn weggeneem en met die uitstorting van die Heilige Gees word ons in die vryheid gestel.

Vryheid word deesdae dikwels verkeerd geïnterpreteer. Die vryheid wat die Heilige Gees ons gee, is dat ons vry is van die menslik sondige dwang van selfgemaakte gebooie en reëls, vry van menslike deugde wat gebaseer is op die beginsels van die regte van die mens. Ja, ons is vry van die skuld en straf wat ons verdien het.

Waar die Gees is, is daar vryheid: kennis van God, kommunikasie met God, ons sien sy heerlikheid – vandag soos 'n spieël, maar eendag in volle glorie van aangesig tot aangesig. Vryheid is dus 'n dieper insig en kennis van die Here. Ons mag die volle betekenis van God se verlossingsplan besef en verstaan en ons lewe van elke dag daarvolgens inrig.

Dit beteken die volgende vir elke dag:

- Ek is geroep om my lewe te ontplooi. Ek mag nie van my lewe 'n gemors maak nie. Ek mag nie verval in sleur, in 'n mens wat gedryf word deur magte en kragte van hierdie wêreld nie. Nee, ek is tog verlig en het deel aan die kragte van die toekomstige eeu. Ek is 'n verloste mens wat bekwaam gemaak word tot 'n positiewe roeping.
- Ek moet in die kennis van die Here groei, my verdiep in die Skrif onder die leiding van die Heilige Gees. Ek moet weerstand bied in my lewe teenoor allerlei verleidelike dinge wat my wegtrek van die diens aan God en my naaste. Dinge soos luiheid, sleur, tradisies, onwil om te luister, materialisme, oppervlakkigheid, ens.
- Ek moet my oefen in die vrugte van die Heilige Gees, naamlik liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22).

Bron: *Na waters waar rus is* – Prof. Hans Boon

DIE ONBETROKKENHEID VAN DIE JEUG

Elisabeth Raimond

Voel jy as jeuglid werklik deel van die gemeente? Hoe baie kere is daar nie dinge wat ons maar net 'n 'skip' gee nie. Ons voel ons het in elk geval nie 'n sê in dinge nie. Hoekom sal ons nou na 'n gemeentevergadering gaan as ons mening in elk geval nie in ag geneem word nie; ons is mos maar net die jeug? Maar, is dit altyd so belangrik dat JOU mening in ag geneem word? Is dit waaroor dit gaan? Is dit nie maar so dat ons as jeug in feite die toekoms van die kerk is nie en daarom belangstelling moet toon en deelneem aan die kerk se aktiwiteite nie? Ons is almal in Christus een liggaam en by Hom word niemand groter of kleiner geag nie. Ons is vir Hom net so belangrik soos enige ander kerklid, oud of jonk, en daarom moet ons ook deel wees aan die kerkgemeenskap. Jy sal verbaas wees hoe baie waardeer die ouer mense die jeug se betrokkenheid by so 'n gemeentevergadering of iets dergeliks. Dit wys dat ons ook omgee wat aangaan in die kerk.

Wat van stem?
Ongelukkig mag die vroue nie stem nie, maar by die mans mag enige belydende lidmaat stem. As vrou kan jy nog steeds deel wees daaraan deur met jou familie te praat oor wie jy dink moet ouderling of diaken wees en jy mag wel iemand nomineer. Al is die vroue nie fisies betrokke by die stemming nie, kan hulle wel 'n inset lewer. En die ouens in die jeug, julle moet juis stem, want die kerkraad moet mense wees wat jy kan respekteer en wat jy voel geskik is vir die werk wat God vir hulle gee. God werk ook deur jou as jy stem vir 'n sekere persoon en die persoon waarvoor jy stem ontvang ook 'n roeping van God om te werk in sy Gemeente. So, om te stem is nie 'n saak wat ons ligtelik moet aanneem nie, maar dit is ook nie iets wat ons moet ontwyk nie.

En sangaande?
Wat van sangaande? Ons jeug gaan liewer uit, want dis naweek! Hoe baie is dit eintlik gevra om nou een keer 'n slaggie een aand in jou naweek af te staan aan 'n sangaand? Ek is self ook skuldig daaraan, maar as ons regtig probeer, sal ons miskien agterkom dat die sangaande nie net vir die ouer mense is nie.

Betrokkenheid in die jeug self
Genoeg oor die betrokkenheid in die kerk – wat van die betrokkenheid in ons eie jeug? Ons het 'n baie unieke groep dat ons as jeug van die kerk van verskillende ouderdomme sosiaal kan verkeer. Die meeste mense gaan maar net om met mense van hulle eie ouderdom wat hulle vriende is, maar ons het so 'n wye groep van vriendskap in die kerk, omdat ons gebind word deur een ding en dis jou geloof. Daarom moet ons nie skaam wees om met die res van die jeug 'n 'social' te hou nie, want ons is bevoorreg om so 'n wye kring van vriendskap te hê. Ek is seker jy sal nie met almal oor die weg kom nie, maar jy sal verbaas wees hoe baie jy oor iemand kan leer as jy hom/haar net 'n kans gee en bietjie met hulle praat – so leer jy allerhande mense in die jeug ken. Ons is so gou om te besluit dat die jeug 'n geslote groep is en al is jy nuut, ons wil nie inbreuk maak op die groep nie. Hoe meer tyd die jeug saam spandeer, hoe beter sal ons ook saam kan werk; selfs ons besprekings by Jeugvereniging sal beter gaan, omdat ons die vrymoedigheid sal hê om oop te wees met mekaar.

Ons kerk het 'n spesiale band – ons is almal gebind deur Christus in dieselfde geloof, hoekom sal ons nou nie deel wil wees van die kerkgemeenskap en deelneem aan al die dinge wat die kerk doen nie? Ons jeug kan dalk 'n ander manier hê van dink, maar dit kan dalk waardevol wees tot die ontwikkeling van die kerk. So kan ons probeer, en al is dit somtyds 'boring', kan ons 'n verskil maak.

14 April 2004

Corrien Geleijnse

Die volgende Suid-Afrikaanse demokratiese verkiesing is op hande en ál meer begin ek mense onder mekaar hoor vra wie vir wie gaan stem – DA, NNP, ACDP. Kies moet daar gekies word, wie goed genoeg geag word om ons stem en goedkeuring weg te dra. Ek het hierdie vraag nog altyd min of meer met 'n skouerophaal by my verby laat gaan, want eintlik het ek nog nie regtig veel nagedink oor die hele aangeleentheid nie. Maar onlangs het ek 'n gesprek aangeknoop met 'n persoon wat oor verkiesings en demokrasie 'n baie uitgesproke mening het en wat in elk geval vir mý 'n bietjie dieper laat dink het oor die hele saak.

Ek reken mens moet maar begin om 'n bietjie aandag te gee aan die stelsel wat ons

Demokrasie genoem het. Demokrasie deesdae, is réaksie, en nie meer regéring nie. 'n Regering wat doeltreffend wil wees, egter, moet sake vooruit wees, sodat daar inderdaad vír die massas besluit kan word. In vandag se wêreld is dit absoluut die massas wat regeer. Demokrasie het so 'n klug geword. Kyk maar na die destydse DDR (Duitse Demokratiese Republiek) en die Chinese Volksrepubliek. Watter invloed het die demokratiese stelsel daar gehad? Geen, want daar was in beide gevalle een reuse meerderheidsparty teenoor byna nie-bestaande minderheidspartye.

Demokrasie is 'n stelsel wat selde effektief en regverdig is. As mens daarby in ag neem dat dit 'n uiters rewolusionêre agtergrond het, stem dit my selfs tot kommer. Want waar het demokrasie sy oorsprong? Is dit nie in die omgewing van die Franse Rewolusie en dalk in mindere mate die Amerikaanse rewolusie nie? Vryheid, gelykheid en broederskap; almal het 'n mening, elke oningeligte, onnadenkende Jan Rap en sy maat? En dink aan wat daarvan gekom het … En ek het nog altyd die slap stories geglo dat as mens demokratiese verkiesings hou, geld jou stem ook … Snaakse dinge gebeur in 'n stelsel wat veronderstel is om regverdig te wees. Dinge wat my sal laat besluit dat dit tog uiteindelik ook maar net 'n klug is om in die regverdigheid van demokrasie te glo. Daar was byvoorbeeld klein voorvalletjies in die referendums vir of teen die vorming van die EU waarop ek nie verder sal ingaan nie, wat hierdie mening by my versterk. Daarby, die siniese deel van my verstand vertel my duidelik dat statistieke in elk geval wyd teen enigiets anders as die ANC is. In Suid-Afrika het hulle nie nodig om die stemme te kook om die ANC die oorhand te gee nie. Ook hoef hulle nie datums te begin uitsit vir 'n tweede verkiesing, sou die uitslag van die eerste hulle nie soseer geval nie.

Tog, hieroor kan mens nog redeneer – oor hoe nuttig dit is om tog nog vir 'n minderheidsparty te stem, of maar liewer te swyg. Dit was die mens wat besluit het dat hulle 'n vors oor hulle wil aanstel. Hulle wil aan iemand anders as God onderdanig en gehoorsaam wees. Toe die volk Israel 'n koning wou hê, het God vir Samuel gesê: "… nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie." Dit was nooit God se plan om 'n ander heerser as net Homself oor ons te stel nie; in Hosea word dit baie duidelik gestel. "Israel het die goeie verwerp – die vyand sal hom agtervolg! Húlle het konings aangestel, nie uit My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my wete …" (Hos. 8:4). En "omdat Israel sy Maker vergeet en paleise gebou het, en Juda 'n menigte versterkte stede, daarom sal Ek 'n vuur in sy stede slinger wat sy paleise sal verteer" (Hos. 8:14). Sal ons dan voortgaan op die struikelpad van die volk Israel en ook 'n ander bó die gebooie van ons Vader stel, ons vertroue in iemand anders as Hom stel? Is daar iemand onder wie se regering ons liewer wil lewe?

Demokrasie is volgens my 'n Bybelvreemde ding. Máár, so het ek gevra, wat dan nou van die hele in-die-wêreld, maar nie-ván-die-wêreld-nie saak? Beteken dit nie dat ons tog ook as Christene ons stem moet laat tel nie? Is dit dan werklik so 'n wêreldse sakie? En daar is nog 'n máár. Een van my vriende sê graag dat jy nie kan kla oor die wanpraktyke van 'n regerende party as jy nie self 'n stem uitgebring het nie. Want dan het jy mos van die begin af besluit dat jy nie genoeg omgee om te gaan stem nie. En klink dit nie vir almal na 'n baie waar ding nie? Aan die ander kant, hét ons nog 'n stem om te laat tel? Het ons nie alreeds 'n bewustelike en finale keuse vír iets gedoen nie? Byvoorbeeld tot Christenwees? Ons kies tog vir God, ons wil sy kinders wees, ons wil Hom alleen dien, navolg en gehoorsaam? Kan 'n mens twee here dien? "Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag" (Matt. 6:24).

Daarom my volgende vraag – word dit werklik van ons as wedergebore Christene gevra om te gaan stem? Of moet ons ons inteendeel liewer ver daarvan terugtrek? Is dit nie volgens God self beter om 'n stil en godvrugtige lewe te lei nie? Christus se groot opdrag aan ons was dat ons die Evangelie moet uitdra en versprei, nie om sake van die wêreld – 'n saak so korrup soos wat vandag se demokrasie is – só na aan die hart te dra nie. Het die dissipels en Christus se ander volgelinge nie ook met groot verwagting en opgewondenheid uitgesien na die dag waarop Jesus as die groot Koning sou opstaan en die volk self sal lei nie? Maar hulle het op hulle neuse gekyk, want dit was nie die aard van die Koninkryk van die Hemele nie.

Ons wil so graag help organiseer aan ’n beter plek om in te woon, só graag saam met die res van die wêreld die gejaag na wind oor die breë, gladde weg op ’n drafstap aanpak, en ek wonder of ons nie dalk te maklik vergeet dat ons woning op aarde maar net tydelik is nie. Net ’n tentwoning, ’n stasie op pad na ’n ewige woning. Die boodskap waarmee ons as kerk ná die hemelvaart op aarde agtergebly het, is dat ons getuies moet wees vir Christus, en sy Woord moet uitdra na die uithoeke van die aarde. Ek glo nie dat ons op aarde is om die wêreldpolitiek te beïnvloed of te verander nie. Ek kan bid vir dié wat ons land regeer, dat hulle óók sy Koninkryk sal soek, maar my uiteindelike keuse het ek lank reeds gemaak: ek kies God en sy Koninkryk bo alles wat hierdie wêreld kan belowe of bied. Ek het geen ander stem om uit bring nie, want daar is op aarde niks beter waarvoor ek kan wens as die Koninkryk van die Hemele nie.

En ek wens só dat baie van julle wat jonk en onseker is soos ek, hierdie artikel sal lees sodat julle ook soos ek sal begin nadink oor sake wat ons so maklik in ons gejaagde dae van vrolikheid en jonkwees tersyde skop. Want dit maak tog saak om te weet wat God van ons wil hê, en die antwoorde is alleen te vinde in sy Woord, hoe modern die samelewing ook al mag wees en word.

REG, VOORREG, PLIG

K.Haak

Dankie tog, die verkiesing is agter die rug! ’n Mens raak later omgekrap oor al die plakkate langs die pad; al die televisiedekking wat dit kry. En vir wat?

Die ANC bly groei en die opposisie bly maar verdeeld in allerhande onbeduidende partytjies. Het dit enige nut om te stem? Dit lyk nie of die Christene enige inspraak in die land se politiek het nie. ’n Mens hoef dit maar net te meet aan die grootte van ’n uitsluitlik Christelike party soos die ACDP. Ag, moet ’n mens jou so verlaag deur deel te neem aan hierdie wêreldse domein (vuil politiekery)?

Hoe vroom dit ook al mag klink, dit is in feite ’n onchristelike denkwyse. Dit is ongetwyfeld so dat Christene dit as hulle reg, voorreg en plig moet (sien) aanvaar om te stem. Ons moet ons positief opstel teenoor alles wat met die politiek te make het. Het Jesus Christus nie gekom om die wêreld te red nie? Het Hy nie alles, dus ook die politiek, onder sy heerskappy gestel nie? “Die aarde en alles wat daarop is, behoort aan die Here” (1 Kor. 10:26). Alles wat die Here gemaak het, is immers goed. “Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, want dit word deur die Woord van God en deur die gebed geheilig” (1 Tim. 4:4).

Die politiek val definitief nie hierbuite nie. Die vuilheid van die politiek neem nog nie die goeie gebruik daarvan weg nie. Inteendeel, teenoor alle onchristelikheid (in die politiek) moet daar Christelike politiek gestel word. Wie die sout van die aarde wil wees (Matt. 5:13), moet hom nie buite die politiek stel nie. Politiek is die wyse waarop die mens deelneem aan die regering van God se wêreld. Hy staan in sy politieke handeling die naaste aan God. God is die eintlike Regeerder van die wêreld. In die wyse waarop Hy die wêreld regeer, wil Hy van mense gebruik maak. Die owerheid wil Hy in sy diens neem. Daarom word die owerheid in die Bybel sy dienaar genoem. Want die wêreld waaroor hulle regeer, is sy wêreld. Die stoflike dinge waarmee hulle hul besig hou, is sy skepping; die reëlings van menseverhoudings in die samelewing is ’n heilige aangeleentheid.

Die aardse owerhede is voortdurend besig met die dinge wat vir God die naaste aan die hart lê. Ja, (die mens) wat Hy so liefgehad het, dat Hy sy Seun daarvoor aan die kruis geoffer het. As ons nou op stemdag aan die parlementêre verkiesing gaan deelneem, gaan ons in die wyse van deelname aan ’n party-politieke wedywering saam bepaal wie as dienaar van God vir die owerheidsamp aangewys word. Daarmee saam gaan ons niks minder doen nie as om ons te laat inskakel as medewerkers van God in ’n keuse wat Hy nie sonder ons wil doen nie. En daarmee behoort die stem vir ’n politieke party ook nie so moeilik te wees nie. Al wat ons moet doen, is om ons kruisie langs die kruis van Christus te plaas.

Bronne:

Ter wille van hierdie wêreld – B. Engelbrecht
Politieke verantwoordelikheid – Prof. J. Douma

KUNS EN GELOOF – PAUL CÉZANNE: DIE BRUG NA DIE GROOT KUNSREWOLUSIE

Alhoewel die Nederlandse groot meester, Vincent van Gogh, die bekendste Post-Impressionistiese skilder is, is dit die Fransman Paul Cézanne wat die meeste invloed gehad het van die drie groot Post-Impressioniste (Van Gogh, Cézanne en Paul Gauguin). Sy werke word gesien as 'n deel van absolute ommeswaai in kuns wat hy teweeg gebring het. In hierdie artikel sal sy styl, sy ideologieë en die invloed wat dit op latere kuns gehad het, bespreek word na aanleiding van sy bekende *Mont St. Victoire* van 1904-1906.

Cézanne het gevoel dat kuns nie net slegs invloed moet hê op die toeskouer se sintuie nie, maar ook dieper: op intellektuele en emosionele vlak. Indien kuns net plesierig was om na te kyk, sou alle dieper betekenis (wat mens byvoorbeeld wel in 'n geskrewe artikel/boek kry) uitgefaseer word. Sy standpunt was "nie slegs die oog, maar ook die brein". Hy het veral die effekte en betekenisse van kleur en lig in sy kuns suksesvol bereik. In teenstelling tot byvoorbeeld Renaissance-kuns, waar lyn en vorm die basis van kuns was, het Cezanne, net soos alle (Post-) Impressioniste, lig en kleur as die basis van sy skilderye gemaak. In *Mont St. Victoire* sien mens dan ook duidelik dat daar nie veel gedefinieerde lyne en stabiele vorms is nie, maar dat die skildery lyk asof daar 'n beeld gevorm is deur die samevoeging van kleurvlakkies en -vlekkies. Soos wat lig 'n objek opbou in die oog, van verskillende kleure wat van 'n objek reflekteer, so het hy dié funksie oorgeneem en elke objek opgebreek tot die verskillende kleurvlakke waaruit dit opgebou is.

Die feit dat kleur en lig die basis geword het van sy kuns, beteken nie dat Cézanne vorm en lyn geheel en al uit sy skildery uitgefaseer het nie. Cézanne het sterk gevoel oor die geometriese organisasie van 'n skildery. Sy fokus was meestal op die algemene vorm wat gemaak kan word uit 'n gedetailleerde objek. Hy het sodoende gepoog om enige objek in die natuur te organiseer na sy wil en te transformeer na sy wil. Sy ideaal was om elke objek te kan veralgemeniseer tot 'n geometriese vorm (sirkelvormig, reghoekig of driehoekig). In *Mont St. Victoire* kan mens duidelik sien dat hy redelik geslaagd was in sy missie. Bome verander in driehoekige strukture, die berg is 'n samevoeging van allerhande geometriese vlakke en die huise is ook dramaties vereenvoudig.

In eerste instansie lyk dit asof Cézanne slegs 'n mooi landskap skilder in 'n eie styl, soos wat Michelangelo se styl ook anders lyk as die van Da Vinci. Dit is egter slegs uiterlike skyn. Agter Cézanne se obsessie met die vereenvoudiging van natuurlike vorms, sit 'n duidelike rewolusionêre ideologie. Cézanne wou eie reëls opstel, eie natuurwette maak, die normale deurbreek en die natuur (of eintlik die lewe) organiseer tot so 'n punt waar dit meer 'gebruikersvriendelik' is vir die mens. Hy het die beroemde uitspraak hieroor gedoen: "jy moet dit (natuur) verf om dit mak te maak".

Die vereenvoudigde styl is in feite nie 'n verkeerde ding nie. Post-Impressionisme is 'n geweldig energieke en dinamiese styl en tegnies ongelooflik goed. Maar die idee agter die omverwerp van stabiele waarhede in die natuur, word in hulle ideologie verder deurgetrek na die omverwerp van stabiele waarhede in geloof en in normes en waardes. Dit is die uiting van 'n algehele rebellie teen God, maar gekamoefleer deur die baadjie van die natuur wat dit aanhet. Hierdie rebellie vind later sy klimaks in die abstrakte werk van veral Piet Mondrian, waar daar geen stabiele natuurlike elemente in die kuns gevind kan word nie. Cézanne het goed geweet waarna hy die kuns stuur (naamlik die rebellie se klimaks in abstraktisme), want aan die einde van sy lewe het hy genoem dat hy primitief is in sy eie styl, in vergelyking met dié wat na hom sal kom. Hy geld wel as die *trendsetter* van die rewolusie van vorm en stabiliteit. Hy was die brug tussen die stabiliteit en die ommekeer van waardes en dit het hy goed geweet. Daarom moet sy skitterende skilderye en buitengewone tegniese kwaliteite in die regte lig gesien word.

Deur die sleutelgat

Dierbare lesers
Ek is verheug om julle die wonderlike nuus mee te deel. Daar is alweer ’n kwart van die jaar agter die rug! En wat hierdie nuus nog meer voortreflik maak, is dat die Sleutelgat dit natuurlik alles meegemaak het … Ek praat nou van die 1ste/2de kwartaalwisseling of soos baie daarvan praat: die Aprilvakansie. Sal maar laat wiel (aan die skouer sit?), anders kry ek dit nooit alles ingepas nie.
Ja, die rede hoekom die afgelope tyd so veel gebeur het, is a.g.v. van die feit dat die studente hul studieverlof (met die klem op "studie") baie nuttig gebruik het. O, amper vergeet ek van die ander faktor: Gautengers wat weer die groener weiveld kom opsoek het. Ek was nuuskierig, soos dit ’n goeie sleutelgatloerder betaam, en wou agter die kap van die byl kom.

Blykbaar was daar ’n hele paar wat ronduit verklaar het dat hulle net nie weg kan bly van ons Utopia nie, terwyl ander met dubbele motiewe gekom het. Ek laat daai oor aan julle verbeelding!
Verskeie mense het die tog aangepak in hulle faëtons (sien HAT) en gelukkig almal mooi en veilig aangekom! Dus, sonder om te aarsel, gaan sekeres direk na Clifton asof dit die enigste trekpleister is in ons mooi moederstad! Hulle kon ongelukkig nie lank bly nie omdat daar nou eenmaal belangriker dinge in die lewe is. En een van hulle is Maggie se *B-day*. Voor julle dink dat *B-day* verwys na ’n geskiedkundige dag in ’n oorlog, dit verwys na die Engelse term ‘Birthday’ of beter gesê ‘verjaarsdag’ in sms-dialek.

Daar was veel gedoen in die spasie van ’n week. Ek sal die hoogtepunte vir julle uitlig: die Waterfront is blykbaar nie meer dieselfde nie na die jeug van Pretoria en Kaap daar binnegeval het. Ontwikkelaars het idees opgetel by hulle oor die kombinering van ’n *jetty* met ’n uitspanplek. Hope pret. Bo-op Seinheuwel was daar verskeie mooi uitsigte, veral die onderaansig! Ongelukkig het geen van die foto’s uitgekom nie ...

Daar was ook ’n besoek aan die wynkelders van die omgewing en dit was hoogs aangenaam met almal wat hulle goed gedra het ten spyte van die feit dat daar hope wyn was! Vusi en Ronald het die een kelder ’n groot guns bewys deur die taak op hulle te neem om alle besoekers hartlik te verwelkom. Net snaaks dat die kelder ’n week daarna sy deure moes sluit a.g.v. slegte verkope.
Volgende op die lys was die *'meet ’n greet'* by oom Watse Eefting daar by die Eendekuil. Na kerk (Goeie Vrydag) het almal ten spyte van die dreigende weer drupsgewys daar binnegeval. Die gees kon nie gedemp word nie en die vuur(e) het lustig gebrand en daar was jolyt oral rond. Oom Watse wou die jeug leer ken aangesien hy die kok gaan wees op die volgende Kongres. Ons het die dag baie geniet en ons hoop dat hy nogsteeds bereid is om kok te wees nadat hy ons beter leer ken het!
Dis nou net so ’n paar okkasies wat plaasgevind het. Dit is natuurlik onnodig om te sê dat dit net die druppeltjie in die emmer was. Daar is konstant gesellig verkeer en ’n paar name moet natuurlik genoem word:

Omdat Alex hier was en lekker Hollands babbel en almal aansteek (mens kan die vreemde pere uit Holland haal maar nie die Hollander uit die vreemde peer nie!), was Simone heeltemal gefnuik (sê net "Mij Best" en alles is reg, Simone!). Die skeermesse kom ook saam op so ’n reis en dan waai nie net die bakkebaarde en hardebaarde nie, maar ook beenhare. Iemand het duidelik nie die aanwysings gelees nie! Willem was blykbaar in sy noppies met tannie Ina van Alten se tuisgebakte brood en het met lus weggeval en was nie vir kommentaar beskikbaar nie. Seker omdat sy mond vol was!
My medeverslaggewer by die opposisie (nl. Voetspoor) was in die kol met sy voorspelling: Ronald was hoofsaaklik hoogs hiperaktief. Koeberg lyk sleg teen sy reserwe-energie. So met ’n groot bohaai en ’n koebaai is hulle uiteindelik hier weg.

Op die tuisfront was dit baie stil met Henriëtte in die voortou, ons het jou gemis! Ons staatmaker en 10/1 gunsteling in alle wedlope, Antoinette (ek gebruik maar haar volle naam, om sodoende haar

oor te haal om vinniger terug te kom), het hier ’n draai gemaak en die Two Oceans-maraton gehardloop. Dit was ’n behoorlike Kaapse draai met al die reën wat sy moes trotseer op haar ekskursie. Hoop jy het dit geniet!

Verder word daar dringend gesoek na ’n ou wat ’n groot baadjie kan dra soos dié van Wolla se Pa. As enigiemand weet, neem kontak op met Wolla (stuur foto van baadjie). Die Bellville Munisipaliteit het net na die vertrek van die Valies ’n Parkie-Patrollie ingestel na daar skaterlag te hore was in die aande. Daar word nog na die saak gekyk. Dankie vir almal wat hier was, dit was voorwaar ’n uitmuntende week! Ja, lekker is net ’n vinger lank. Maar wel vingerleklekker. Dankie nog Maartje vir jou leersame aand oor die regte. Daar is weer genoeg om oor te redekawel. En sterkte met klasgee!
Tot ’n volgende keer. Ngcuuuuuuuum shelele!!! (grofweg vertaal uit Xhosa: “Tot ’n volgende keer”)

Voetspore

Geagte lesers

U sal dit waarskynlik nie glo nie, maar dit is tog waar! Ek kon dit self ook nie glo nie, maar hier kom dit: Johan Bijker was toe al die pad nie deel van McCain’s se gevriesde groente- en vleisproduktereeks nie! En hy was nogals in Antarktika! Nog ’n illusie armer … Ons het almal gedink dat hy ’n naelbyt (as die naels nog nie verander het in ’n blougevriesde liggaamsweefseldeel nie), vriesende speel-met-jou-lewe ondervinding moes gehad het toe hy in Antarktika was. Maar nee, hy kom terug, met hare en baard wat welig gegroei het (en dus baie chlorofil en, Let Wel, sonlig moes kry): ’n fris, sterk, jong man in die fleur van sy lewe. En dit terwyl hy in ons gedagtes – hardnekkig vegtend teen slange, tiers, pikkewyne en ander Antarktiese inheemse diere – moes veg teen honger, dors en koue. Het ons nou verniet gestres? Het ons nou verniet by tante Marijna gaan navorsing doen of dit wel goed gaan met Johan op fisiese en geestelike vlak? Is ons bedrieg. Het hy al die pad ’n heerlike luilekker vakansie gehad?

Hierdie vrae en algemene veronderstellings is in die kiem gesmoor op ’n Saterdagaand toe Johan voor ’n massa nuuskierige en bekommerde mense toegeluister is, toe hy sy 200 National Geographic-styl skyfies gewys het en allerhande goed vertel het oor Antarktika. Die leser sal verbaas wees om te hoor dat Antarktika meer is as die woord “wit”. Nogal interessant. Mense wat nog nie ’n vakansie geboek het vir Desember nie, kan navorsing doen by die SANAE-kantoor vir ’n vakansie Antarktika toe. Groepbesprekings sal aanbeveel word, want dan kan u ’n 9%-afslag losslaan! Geen malariapille word benodig nie.

Die volgende sal u ook nie glo nie. Antoine en Nicoline is getroud. Dat Nicoline getroud is, *fine*. Sy het die leeftyd vir sulke dinge. Maar as mens nou 30 jaar terug op Antoine se 30-jarige verjaarsdagpartytjie vir hom sou vertel dat hy in die afsienbare tyd van 30 jaar ’n getroude man sou wees, sou hy jou uitlag en uitmaak vir ’n dom kind wat nog nat agter die ore is. En tog! Ja, *miracles do happen*.

Verder is Daniël en Gerda ook getroud en Derek en Naomi ook. Derek het met ’n skok besef hy trou toe hy sy eie troukaartjie in Engeland ontvang het. Naomi was so wys (soos slegs ’n vrou kan wees) om hom ook maar te herinner. Toe kom hy ’n week voor die tyd terug, kry gou sy graad, hou ’n ramparty, gaan koop ’n pak en allerhande ander tydrowende dinge, soos om – moenie vergeet nie – nog liefdevol en belangstellend te wees ook. *Anyway*, baie geluk julle almal!

Daar was nogals ’n Gautengse *invasion* in die Kaap, maar dit laat ek aan my broeder Sleutelgat oor om te behandel. Hy is daartoe ten volle in staat.

En dan vanuit ons lieflike Pretoria sê ek, en saam met my die Voetspoor-nuusspan, *adios*.

“Adios”, Voetspoor

Drug Problems

I had a drug problem when I was young:
I was drug to church on Sunday morning.
I was drug to church for weddings and funerals.
I was drug to family reunions no matter the weather.
I was drug to the bus stop to go to school every weekday.
I was drug by my ears when I was disrespectful to adults and teachers.
I was also drug to the woodshed when I disobeyed my parents.
Those drugs are still in my veins; and they affect my behavior in everything I do, say, and think.
Those drugs are stronger than cocaine, crack, or heroin, and if today's children had this kind of drug problem, the world might be a better place.

SOURCE: The Internet - author unknown

VERJAARSDAE

Baie Geluk!

Bethal	
Jonathan Smuts	6-Jun
Charl Coetzee	7-Jun
Toinette Coetzee	23-Jun
Carma Coetzee	16-Jul
Johannesburg	
Anneke Eefting	31-Mei
Max Boessenkool	20-Jun
Simone Boessenkool	30-Jun
Riekert van Lith	2-Jul
Idalet de Haan	21-Jul
Maryna Bijker	22-Jul
Maranata	
Hein de Jager	6-Jun
Marcel du Plessis	19-Jun
Frans Geleijnse	30-Jun
Antoinette Raimond	1-Jul
Gys van der Meulen	4-Jun
Marlene de Vente	5-Jun
Marie-Louise v d B	14-Jun
Roelanie de Geus	22-Jun
Roelanie de Geus	22-Jun
Johannes Kerkhoff	27-Jun
Bea Bruintjes	4-Jul
Corneel Hagg	9-Jul
Elisabeth Aartsma	20-Jul
Janneke de Jager	22-Jul
Johan de Vries	23-Jul
Linda de Vente	25-Jul
Pretoria	
Christelle Bosker	30-Mei
Willem de Jager	3-Jun
Lieze Bron	9-Jun
Marius Bijker	9-Jun
Gerrit Bron	11-Jun
Mariette Bron	11-Jun
Hendrico De Castro	12-Jun
Henriette Hagg	16-Jun
Charlene Danielz	23-Jun
Martyn Ros	1-Jul
Ruard Stolper	2-Jul
Marlies Kleyn	17-Jul
Risella Miske	20-Jul
Tineke Kerkhoff	28-Jul

Kuier vir Andreas op Pella.

Die ideale vakansie om weg te breek uit Sodom en Gomorra. Kom ondersteun jou medejeuglid.
Die woes nice aktiwiteite sluit in: stap; roei; kampeer; fietsry; onkruid uittrek; dadels eet, ens...
Breek weg en leer ken vir Andreas en sy omgewing.

Bybelstudies & Ontspanningsaktiwiteite

Al gewonder wat jy die res van die jaar gaan doen op publieke vakansiedae of Saterdae?
Moenie langer wonder nie!
Hier onder is 'n aantal datums wat jy solank in jou dagboek kan aanteken.
Dis beslis die moeite werd om *tenminste een* van hierdie gebeure by te woon en persoonlik die gemeenskap met medejeug van ander gemeentes te ervaar.

16 Junie:	Konferensie gereël deur Mamelodi
24 Julie:	Bybelstudie gereël deur Soshanguve Noord
Augustus:	Bybelstudie gereël deur Pretoria/Maranata
24 September:	Traditional Day gereël deur Soshanguve Noord
9 Oktober:	Bybelstudie gereël deur Soshanguve Central
Begin Desember:	Kamp gereël deur Soshanguve Central

Verdere inligting oor hierdie gebeure sal nader aan die datums beskikbaar wees.
Kontak gerus een van die volgende mense indien jy meer wil weet:

Marjan Middeljans: 012 331 0931 / marjan@lantic.net
Maryke Aartsma: 082 327 9542

Sperdatum vir die volgende uitgawe:
Vandag